ROSJ HASJANA – DIE JOODSE NUWEJAAR

By Rosj Hasjana is daar twee simbole wat gebruik kan word, elk met ‘n eie boodskap - die eet van die appel en heuning, en die blaas van die ramshoring. Beide kan in een les gebruik word, maar dit sal moeilik wees om die klem op albei te laat val, aangesien die lesse wat aan die twee simbole gekoppel word, nie so maklik in een sessie gekombineer kan word nie. Twee opsies word dus hieronder aangebied, met die suggestie dat die aanbieder een sal kies – of al twee in twee opeenvolgende lesse sal behandel.

ROSJ HASJANA 1 – HEUNING EN APPEL

Doel: Om deur middel van die Joodse Nuwejaarsfees kinders (1) bewus te maak van die Joodse feeste en tradisie en (2) kinders te leer dat die lewe uit soet en suur bestaan, m.a.w. dat ‘n Christen ook vir teenspoed gereed moet wees.

Tyd: Die les kan enige tyd van die jaar aangebied word, maar die beste tyd sou wees wanneer die Jode hulle Nuwejaar vier (gewoonlik in September) of reg in die begin van ons jaar.

Skrifgedeeltes: Hab. 3: 17-18, Ps 19: 9-12

Hulpmiddels:
- ‘n Bak met heuning (of goue stroop)

- Genoeg appelskyfies sodat elke kind een kan kry. Die appels moet verkieslik suurderige appels wees, *granny smith* byvoorbeeld.

Aanknopingspunt: Die suur appel en soet heuning wat Joodse kinders tydens die Joodse Nuwejaar eet.

Inhoud van die les: Begin met die demonstrasie van hoe Joodse kinders hulle jaar begin. Verduidelik dat hulle jaar op ‘n ander tyd as ons s’n begin – êrens in September. In die Joodse kalender is dit die eerste dag van die maand Tishri.
Laat elke kind ‘n appel skyfie neem. Elkeen kom vorentoe en skep ’n bietjie heuning op die skyfie en eet dan die heuning en skyfie saam. Die kinders word gevra: Hoe smaak die soet heuning en suur appel saam? (kans vir terugvoering).
Dan volg die les: Joodse kinders eet die suur appel en soet heuning saam aan die begin van die jaar om hulle so voor te berei om te onthou dat in die jaar wat voorlê elkeen soet en suur ervarings kan verwag. As ek ‘n gelowige Christen is, moet ek nie dink dat net goeie dinge met my sal gebeur nie. Slegte en hartseer dinge gebeur ook met diegene wat die Here ken en dien. Die Bybel sê God laat sy son skyn op die regverdiges en die onregverdiges. Die profeet Habakuk het dit ook uitgevind. Toe hy verneem het dat die wrede Babiloniërs op pad was om teen Israel oorlog te maak, het hy ernstig tot die Here gebid. Hy het erken dat Israel baie sondig was en verdien om gestraf te word, maar dat die Babiloniërs self nog meer goddeloos as die Israeliete was. Habakuk het met God geredeneer (Hab. 1: 13): Is dit nie meer regverdig om Israel teen Babilon te beskerm nie? Hulle is darem tog die Here se volk! Uiteindelik het die harde antwoord van die Here gekom: Die Here sal nog altyd die Babiloniërs laat kom (Hab. 2: 3), want Israel het nie tot ‘n besef van hulle sondes gekom nie. Hulle het hulle nie bekeer nie. Tog het die Here ‘n boodskap na die Israeliete gehad: Hab. 2: 4: “Wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly” – of soos die ou vertaling dit stel: “Die regverdige sal uit die geloof lewe”. Dit wil sê, die straf sal kom – maar vir diegene wat op die Here vertrou, is daar hoop.

Sluit weer aan by die heuning en appel: Die Joodse kinders eet die soet heuning en die suur appel aan die begin van die jaar omdat dit hulle herinner: in die jaar wat voorlê, sal hulle nie net heuning eet nie. Nie net soet en lekker dinge sal met ons gebeur nie. In die jaar wat voorlê, wag daar ook vir ons dinge wat suur gaan smaak. So is die lewe – nie net soet heuning nie, maar ook suur appel. En dikwels proe ‘n mens dit saam.

Gelukkig kan ons wat in die Here glo, weet dat al sal daar ook slegte dae oor ons pad kom, sal die Here by ons wees – en dit sal selfs in ons suur en slegte dae ‘n soetigheid bring.

Die profeet Habakuk besef dit. Al gaan Israel gestraf word, al lê daar harde dae vir hom en sy mense voor – diegene wat op die Here vertrou, sal selfs in die slegte tye kan juig en jubel.

Sluit af deur Hab. 3:16-19 voor te lees.

Sing: ‘n Gepaste lied.

Afsluiting: Gebed deur een van die groter kinders (wat vooraf gevra is).